LAERSKOOL ORION

# BOELIEBELEID

2021

MET YWER

**By Laerskool Orion sal boelies nie geduld word nie.**

1. **Beleidsverklaring**

   Laerskool Orion poog om 'n omgewing te skep waar leerders geborge voel sodat elkeen sy of haar potensiaal kan bereik. Die veranderde waardes in die samelewing maak dit moeilik vir leerders om dinge te hanteer. Om leerders te help met die hantering daarvan word die volgende beleid ten opsigte van boelies geïmplementeer. Ons streef na 'n leeromgewing waarin elkeen veilig en waardig voel en waar verskille begryp en aanvaar word. Ons moedig leerders aan om boelies aan te meld, ongeag of hulle persoonlik geboelie word, of net bewus is van iemand wat geboelie word. Ons moedig leerders aan om saam te staan teen enige vorm van boelie.

2. **Definisie van `n boelie.**

   Boelie kan verbaal (woorde), nie-verbaal (lyftaal, sonder woorde), fisiek (slaan of stamp) emosioneel (dreig) wees. Dit kan direkte aksies (dreigemente of fisieke/verbale mishandeling) of indirekte aksies (soos iemand doelbewus by `n speletjie uit te laat of deur te ignoreer) wees. Boelies gebruik gewoonlik `n kombinasie van hierdie tegnieke op hulle slagoffer.

3. **Vorme van boelie.**

   a. Doelbewuste stamp, skop, klap, slaan of baklei.
   b. Pik op iemand, probeer om iemand bang te maak, tergery, verpesting, uitlokking, spottery en slegsê of skel.
   c. Versprei stories.
   d. Herhaalde vernedering.
   e. Doelbewuste ignorering, vermyding en uitsluiting.
   f. Meng in, vat of beskadig eiendom.

g. Dreigende gebare.
h. Skryf van afstootlike notas, sms`e, facebook boodskappe of graffiti oor iemand.
i. Eis van geld.
j. Maak van neerhalende opmerkings oor iemand se voorkoms, geloof, kultuur, ras, gesinslede of sosiale agtergrond.
k. Steel van 'n ander persoon se skoolwerk, take, klere of eiendom.
l. Iemand dwing om die verkeerde te doen of iemand te keer om te doen wat hy/sy graag wil doen.

**4. Prosedure wat die slagoffer moet volg as hy/sy geboelie word.**

- Vra jouself die volgende drie vrae:
  a. Is die gedrag venynig? (gemeen)
  b. Is dit doelbewus/opsetlik?
  c. Gebeur dit aanhoudend? (gebeur dit weer en weer)
- Indien een of meer van bogenoemde die geval is, moet dit dadelik aan die betrokke personeel gerapporteer word.
- Die leerders kry `n vorm by hul klasonderwyser (indien die klasonderwyser dit nie self kan oplos nie) voltooi die leerder die vorm, daarna hanteer die gradeleiers dit. Problematiese gevalle word verwys na (Gr. 1 – 3) DPJ, (Gr. 4-7) DPO. Daar is ook 'n rooi posbus in die Kunsklas waarin kinders hulle briewe kan pos.
- Ernstige sake word verwys na die Adjunkhoof. Elke saak sal ondersoek word. Daar sal gehandel word volgens die skool se diskresie.

**5. Gevolge van skuldigbevinding:**

- Ouers word geskakel
- Straf – pouse ditensie, naskool ditensie
- Opskorting van voorregte
- Geskrewe finale waarskuwing
- Verwysing na terapeut
- Oueronderhoude
- Tydelike of permanente skorsing

Laerskool Orion kan net reageer op sake wat aangemeld word. Meld dus aan en help ons om Boelies te beveg!